# BELANGRIKE VERKIESINGSINLIGTING




## WAT DOEN DIE OVK VIR JOU?

Hierdie is die lede van die Onafhanklike Verkiesingskommissie. Dis 'n groep mense wat deur die Veelparty Onderhandelinge byeengebring is om seker te maak dat Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing vry en regverdig is. Die Kommissie bestaan uit sestien lede, almal hoogs gerespekteerde plaaslike en internasionale persone wat die verantwoordelikheid het om oor die verkiesingsproses te waak.



### ORGANISERING

Die OVK moet die hele stemstelsel op die been bring. Die Kommissie moet seker maak dat daar stembriefies en stembusse by elke stempunt is, dat stemhokkies gemaak word; dat plakkate opgesit word sodat almal weet waar om te stem; dat onpartydige en onafhanklike mense die stempunte beman; dat intimidasie en geweld gemonitor word; en dat honderd-en-tien ander take verrig word wat nodig is om die verkiesing glad te laat verloop.





### OPVOEDING

Baie mense in hierdie land het nog nooit vantevore aan 'n demokratiese verkiesing deelgeneem nie. Een van die belangrikste take van die OVK is om mense te leer hoe 'n stemstelsel werk. Dit is veral belangrik dat hulle verstaan hoe 'n geheime stem werk en dat niemand ooit sal weet hoe hy/sy in die verkiesing gestem het nie.


### MONITERING

Nog een van die take van die OVK is om volle geheimhouding te verseker. Dit sluit in dat intimidasie en geweld voorkom of gestraf moet word. Die OVK beskik oor sterk wetlike magte om die Verkiesingsgedragskode wat deur die politieke partye onderteken is, af te dwing. Die OVK sal nie huiwer om hierdie magte te gebruik nie.



### BEREGTIGING

Meer as 185 000 mense is betrokke by die uitvoering van die OVK se funksies, waaronder 10 000 monitors en etlike duisende geregistreerde waarnemers wat by elke stempunt in die land teenwoordig sal wees. Dit plaas die Kommissie in 'n unieke posisie om oor die wesentlike vryheid en regverdigheid van die verkiesing te oordeel. Daarbenewens kan die OVK oor indivi-duele wanpraktyke in die verkiesings-proses oordeel, asook oor kwessies soos intimidasie en geweld. Die OVK kan swaar vonnisse oplê, wat strek van boetes van 'n bedrag van R100 000, tot by die algehele diskwalifisering van 'n politieke party uit die verkiesingsproses.




Die OVK het geen verbintenis met enige party, organisasie, of gesagstruktuur nie. Dit bestaan bloot om u, die kieser, te dien. Die OVK sal die mandaat waaroor dit beskik, uitoefen en die wye wetlike magte gebruik om die demokratiese regte van elke kieser te beskerm sodat u op 27/28 April in die geheim en met volle selfvertroue kan stem.

**IEC TOLVRY!**
**0800-11-8000**
Skakel hierdie nommer as jy enige vrae het of enige inligting oor die verkiesingsproses nodig het.

ADLIB COMMUNICATIONS

IEC/351/A

IEC

**ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE**

'N VRYE EN REGVERDIGE VERKIESING VIR ALMAL